

5 September

Skrifgedeelte: Genesis 42:1-38
Fokusgedeelte: Genesis 42:21-24

Eerlike belydenis oor sonde bring versoening

Het jy al beleef hoe 'n eerlike belydenis oor sonde en 'n opregte verskoning jou woede oor verontregting afkoel? Dit is wat hier met Josef gebeur. Toe hy sy broers herken, was hy eers kwaad en wou wraak neem. Hy praat “bars” met hulle, beskuldig hulle herhaaldelik as spioene, gooi hulle in die tronk en eis dat Benjamin ook moet saamkom. Toe hy hulle erkenning oor hul sonde met hom hoor en dat hulle berou en angs beleef, koel sy woede in so 'n mate af dat hy daarvoor huil. Hy bely daarna dat hy in God glo en daarom hul lewens sal spaar (vs 18).

Hoe dikwels bely jy jou sonde teenoor God en ons naaste so eerlik? Hier leer ons dat die leuen nooit bedek sal bly nie, maar sal uitkom. Laat ons dus sommer van die staanspoor af besluit om altyd eerlik voor God en ons naaste te leef. As ons oneerlik, wraaklustig of liefdeloos optree soos Josef se broers, huil God ook oor ons, nadat Hy reeds sy enigste Seun vir ons laat sterf het vir die waarheid en ons vergifnis.

Sing: Psalm 130:1, 2

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)